BUITENGEWONE

EXTRAORDINARY

SEEN BY
R.B.H.
A.C.W.
J.B.
J.E.L.

Staatskoerant
VAN DIE UNIE VAN SUID-AFRIKA
THE UNION OF SOUTH AFRICA
Government Gazette

[Geregistreer by die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.] [Registered at the General Post Office as a Newspaper.]

VOL. CXXV.] PRYS 6d. PRETORIA, 15 SEPTEMBER 15 SEPTEMBER 1941 PRICE 6d. [No. 2943

Alle Proklamasies, Goewerments- en Algemene Kennisgewings, wat vir die eerste maal gepubliseer word, is in die linkerbohoek met 'n ✱ gemerk.

PROKLAMASIE

VAN SY EKSELLENSIE DIE HOOGEDELAGBARE SIR PATRICK DUNCAN, LID VAN DIE MEES EERVOLLE GEHEIME RAAD VAN SY MAJESTEIT, GROOTKRUISRIDDER VAN DIE MEES ONDERSKEIE ORDE VAN SINT MICHIEL EN SINT JORIS, EEN VAN SY MAJESTEIT SE ADVOKATE BELESE IN DIE REG, DOKTOR IN DIE REGTE, GOEWERNEUR-GENERAAL VAN DIE UNIE VAN SUID-AFRIKA.

✱ No. 176, 1941.]

VOLKSRAAD TUSSENVERKIESING.—KINGWILLIAMSTOWN.

Aangesien dit tot my kennis gebring is dat 'n vakature ontstaan het in die verteenwoordiging van die kiesafdeling Kingwilliamstown in die Volksraad weens die bedanking van mnr. Arthur Capel Valentine Baines;

So is dit dat ek, kragtens en ingevolge die gesag my verleen by artikels *ses-en-dertig* en *agt-en-vyftig* van die Kieswet, 1918 (No. 12 van 1918), hierby proklameer, verklaar en bekendmaak as volg:—

(1) Dat 'n vakature bestaan in die verteenwoordiging van die kiesafdeling Kingwilliamstown in die Volksraad;
(2) dat 'n Nominasiehof sitting sal hou op Dinsdag, 30 September 1941, om tienuur in die voormiddag, in die Hofsaal van die Magistraat, Kingwilliamstown, ten einde nominasies te ontvang van kandidate vir verkiesing om gemelde vakature te vul;
(3) dat indien 'n stemming nodig word in genoemde kiesafdeling, deurdat meer as een persoon behoorlik genomineer is by die sluiting van die sitting van voormelde Nominasiehof, genoemde stemming sal plaasvind op Woensdag, 22 Oktober 1941, en sal begin om sewe-uur in die môre en sal sluit om agt-uur in die aand van daardie dag; en
(4) dat die Magistraat, Kingwilliamstown, of 'n ander persoon wat wettiglik in sy plek ageer, Kiesbeampte sal wees, en hierby as sodanig benoem word, by die verkiesing in genoemde kiesafdeling om gemelde vakature te vul.

GOD BEHOEDE DIE KONING.

Gegee onder my Hand en die Grootseël van die Unie van Suid-Afrika te Pretoria, op hede die Vyftiende dag van September Eenduisend Negehonderd Een-en-veertig.

PATRICK DUNCAN,
Goewerneur-generaal.

Op las van Sy Eksellensie die
Goewerneur-generaal-in-rade.

H. G. LAWRENCE.

All Proclamations, Government and General Notices published for the first time, are indicated by a ✱ in the left-hand upper corner.

PROCLAMATION

BY HIS EXCELLENCY THE RIGHT HONOURABLE SIR PATRICK DUNCAN, A MEMBER OF HIS MAJESTY'S MOST HONOURABLE PRIVY COUNCIL, KNIGHT GRAND CROSS OF THE MOST DISTINGUISHED ORDER OF SAINT MICHAEL AND SAINT GEORGE, ONE OF HIS MAJESTY'S COUNSEL LEARNED IN THE LAW, DOCTOR OF LAWS, GOVERNOR-GENERAL OF THE UNION OF SOUTH AFRICA.

✱ No. 176, 1941.]

HOUSE OF ASSEMBLY BY-ELECTION.—KINGWILLIAMSTOWN.

Whereas it has been notified to me that a vacancy has occurred in the representation of the Electoral Division of Kingwilliamstown in the House of Assembly, by reason of the resignation of Mr. Arthur Capel Valentine Baines.

Now, therefore, under and by virtue of the powers and authority vested in me by sections *thirty-six* and *fifty-eight* of the Electoral Act, 1918 (No. 12 of 1918), I do hereby proclaim, declare and make known as follows:—

(1) That a vacancy exists in the representation of the Electoral Division of Kingwilliamstown in the House of Assembly;
(2) that a Nomination Court shall sit on Tuesday, the 30th day of September, 1941, at ten o'clock in the forenoon, in the Magistrate's Court-room, Kingwilliamstown, to receive nominations of candidates for election to fill the said vacancy;
(3) that if a poll becomes necessary in the Electoral Division aforesaid for the reason that more than one person shall have been duly nominated at the close of the sitting of the said Nomination Court, the said poll shall be taken on Wednesday, the 22nd day of October, 1941, and shall commence at seven o'clock in the morning and shall close at eight o'clock in the evening of the said day; and
(4) that the Magistrate, Kingwilliamstown, or other person lawfully acting for him, shall be and is hereby appointed to be Returning Officer at the election in the said Division, to fill the said vacancy.

GOD SAVE THE KING.

Given under my Hand and the Great Seal of the Union of South Africa at Pretoria this Fifteenth day of September One thousand Nine hundred and Forty-one.

PATRICK DUNCAN,
Governor-General.

By Command of His Excellency the
Governor-General-in-Council.

H. G. LAWRENCE.

Gedruk in die Unie van Suid-Afrika deur en onder die toesig van die Staatsdrukker, Pretoria.

Printed in the Union of South Africa by and under the superintendence of the Government Printer, Pretoria.